

**SENWES BEPERK****ISIN-NOMMER: ZAEZ00000018***(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)**(Registrasienuommer 1997/005336/06)***(“Senwes”)****SENWESBEL BEPERK****ISIN-NOMMER: ZAEZ00000026***(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)**(Registrasienuommer 1996/017629/06)***(“Senwesbel”)****SUIDWES HOLDINGS (RING-FENCED)  
(EIENDOMS) BEPERK***(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)**(Registrasienuommer 1998/007242/07)***(“Suidwes”)****(“die Senwes Groep”)****(Gesamentlik na verwys as “die Maatskappye”)**

---

**GESAMENTLIKE PERSVERKLARING MET BETREKKING TOT DIE GOEDKEURING VAN DIE  
SAMESMELTING TUSSEN DIE MAATSKAPPYE**

---

Die direksies van die Senwes Groep en Suidwes verwys die Senwes Groep aandeelhouers en die Suidwes aandeelhouers na vorige kennisgewings met betrekking tot die Reëlinskema en die Aanbod aan Suidwes Aandeelhouers (“**die Aanbod**”). Dit word hiermee bevestig dat, ooreenkomstig die opskortende voorwaardes van die Aanbod, die Suidwes aandeelhouers die Aanbod op 29 Mei 2020 goedgekeur het en dat die Mededingingstribunaal (“die Tribunaal”) ook die samesmelting (soos gedefinieer in artikel 12 van die Maatskappyywet, 1998), tussen Suidwes en die Senwes Groep, op 18 Augustus 2020 goedgekeur het. Daar is derhalwe aan al die voorwaardes vir die samesmelting en implementering van die Aanbod voldoen.

Die Tribunaal het bevind dat die samesmelting geen mededingingsaspekte tot gevolg sal hê nie. Weens perseptuele kommer met betrekking tot potensiële konsentrasie wat kan ontstaan, het die Tribunaal die samesmelting goedgekeur, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

**Disinvesteringsvoorwaarde:**

- i) Dat die Maatskappye disinvesteer van sekere silo's in sekere sogenaamde oorvleuelende gebiede, geïdentifiseer as Jan Kempdorp (Senwes), Strydpoort (Suidwes) en Wolmaransstad (insluitend die meule) (Suidwes) aan 'n toepaslike derdepartykoper binne 'n spesifieke voorgeskrewe tydperk. Hierdie proses sal op kommersiële voorwaardes geskied, onder toesig van 'n onafhanklike trustee. Tot afhandeling van sodanige disinvestering, sal besigheid soos normaal voortgaan en die Maatskappye sal die mark ingelig hou van alle toepaslike praktiese reëlins, wanneer moontlik.

**Silotariefvoorwaarde:**

- ii) Die differensiaal tussen die Suidwes en Senwes hanterings- en opbergingstariewe by silo's bly onveranderd vir 'n tydperk van 5 jaar, tensy belegging in tegnologie en verhoogde effektiwiteit van die silo's andersins bepaal. Gemelde beleggings sal hoofsaaklik aspekte soos droging en deurlugting behels.

**Voorwaarde met betrekking tot publieke belang:**

- iii) Senwes sal produksielenings van R20 miljoen per jaar aan opkomende boere verskaf, ooreenkomstig sy kredietbeleid, vir 'n periode van drie jaar, wat R60 miljoen in totaal sal beloop; en

- iv) onderworpe aan sekere kwalifiseringskriteria, sal die meerderheid Suidwes werknemers in diens gehou word vir 'n periode van twee jaar.

Die Maatskappye is dankbaar dat die implementering van die samesmeltingsproses kan begin en dat verskeie produkte en dienste nou aan Suidwes aandeelhouers en kliënte gebied kan word, veral in die lig van die someraanplantings wat op hande is.

Die implementering van die samesmelting en integrasie sal 'n tyd lank duur en kliënte van die Maatskappye sal op die hoogte gehou word van alle verwickelinge.

“Ons is verbind daartoe om voort te gaan met die Suidwes handelsmerk en om dit uit te brei”, sê mnr Francois Strydom, HUB van Senwes. “Die kritiese element van hierdie Aanbod, wat ononderhandelbaar is, is die voortgesette diensverskaffing aan en betrokkenheid by die Suidwes aandeelhouers en produsente in 'n groter, gekombineerde landboubesigheid met 'n wyer voetspoor”. Dr Herman van Schalkwyk, Suidwes se HUB, voeg by: “Suidwes is opgewonde en baie entoesiasies oor die toekomstige vooruitsigte wat hierdie transaksie sal ontsluit, wat nou ook nuwe waardetoevoegende waardeproposisies sal insluit, soos 'n toepaslike kredietoplossing.”

#### **In opdrag van die direksies van die Maatskappye**

**EM Joynt (Mev)**  
**GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS**  
**Tel nr: (018) 464 7104**  
**18 Augustus 2020**

**D Linde**  
**GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS**  
**Tel nr: (018) 581 1022**  
**18 Augustus 2020**